higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

(8021023)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TIME: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie nagesien wil hê nie, moet duidelik doodgetrek word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae in AFDELINGS A, B en C.

2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.

3. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.

4. Nommer al die antwoorde volgens die nommeringstelsel soos gebruik in die vraestel.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kriminologie vorm deel van die groep studierigtings wat bekend staan as:

A Sosiale of menslike wetenskappe
B Sosiale of natuurwetenskappe
C Natuurlike en menslike wetenskappe
D Slagofferkunde (viktimologie) en menslike wetenskappe

1.2 Assesseringsverslae bevat 'n verskeidenheid van die volgende inligting:

A Inligting oor die slagoffer, die misdaad en die slagofferprofiel
B Onderhoude gevoer en aanbevelings
C Al bogenoemde
D Geeneen van die bogenoemde

1.3 Krimino-eties verwys na etiese kwessies wat verband hou met:

A Die werk van 'n kriminoloog en/of viktimoloog
B Die werk van 'n sosioloog en/of kriminoloog
C Die werk van 'n kriminoloog en/of maatskaplike werker
D Al die bogenoemde

1.4 Dit is 'n kriminoloog se etiese plig om 'n diens aan die gemeenskap en Suid-Afrika se bevolking te lewer. 'n Kriminoloog behoort dus:

A Verbind te wees tot die welstand van individue en groepe in die gemeenskap
B Eerlik te wees rakende sy/haar beperkinge en nie werk te verrig waarvoor hy/sy nie gekwalifiseerd is nie
C Versigtig wees om nie vorme van maatskaplike ongeregtigheid uit die verlede te herskep in sy/haar werk nie, byvoorbeeld: diskriminasie, verdrukking en teistering
D Al die bogenoemde

1.5 Die trauma geassosieer met misdaad kan ook lei tot die toename van gesondheidsprobleme, naamlik ...

A geestes- en/of hartprobleme.
B asma en geestesongesteldheid.
C diabetes, hartprobleme en asma.
D Al die bogenoemde.

Kopiereg voorbehou

1.6 Terugflitse is skielike, helder beelde van 'n traumatiese gebeurtenis, soos:

A Wat gebeur het ná die misdaad
B Wat gebeur het tydens die misdaad
C A en B
D Geeneen van die bogenoemde nie

1.7 Hoewel elke persoon die risiko loop om 'n slagoffer van misdaad en viktimisasie te word, loop sekere mense 'n groter risiko weens:

A Maatskaplike, kulturele en sielkundige faktore
B Kulturele, sielkundige en gemeenskapsfaktore
C 'n Vader, eggenoot, dogter en vriend/kollega
D 'n Vader, eggenoot en vriend/kollega

1.8 Vroue loop 'n groter risiko om aangeval te word deur mans wat hulle ken, soos:

A 'n Vader, eggenoot, seun en dogter
B 'n Vader, eggenoot, seun en vriend/kollega
C 'n Manlike familielid of manlike vennoot
D Al die bogenoemde

1.9 Vir 'n misdaad om aangeteken te word in statistiek, moet daar aan drie kriteria voldoen word, naamlik:

A Kennisname ('noticed'), rapportering en akkurate aantekening
B Onlangs, gerapporteer en kennisname
C Gerapporteer, onlangs en akkuraat aangeteken
D Onlangs, aangeteken en gerapporteer

1.10 Volgens die Witskrif van die Departement Veiligheid en Sekuriteit, kan misdaadvoorkoming gedefinieer word as alle aktiwiteite wat 'n spesifieke misdaad verminder, afskrik of voorkom, deur middel van:

A Die verandering van die omgewing waarin dit plaasvind
B Verandering van die toestande wat vermoedelik daartoe aanleiding gee
C Verskaffing van 'n sterk afskrikmiddel in die vorm van 'n effektiewe strafregsplegingstelsel
D Al die bogenoemde

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord/of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

gunsloon; teikenkwesbaarheid; integriteit; kenner; modus operandi

2.1 … is die metode waarvolgens iets gedoen word, byvoorbeeld die pleeg van 'n misdaad.

2.2 … is iemand met omvattende kennis, vaardighede, opleiding of ervaring in 'n gegewe veld.

2.3 … is om iets met eerlikheid en waarheid te verrig.

2.4 … verwys na die waarskynlikheid dat 'n persoon 'n slagoffer van misdaad kan word.

2.5 … beteken om geld te ontvang van 'n verskaffer in ruil vir die toekenning van 'n kontrak.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Weerwraak	A	die studie van mense en hul verhoudings met mekaar en met die gemeenskap
3.2	Viktimisasie	B	'n dokument wat inligting evalueer en bevindinge doen rakende 'n persoon se gedrag
3.3	Misdaadprofilering	C	behels die versameling en opbou van inligting vir verskillende misdadige insidente
3.4	Assesseringsverslag	D	verwys na enige aksie of gedrag, soos 'n misdaad, wat veroorsaak dat 'n persoon 'n slagoffer word
3.5	Sosiologie	E	vergelding vir 'n aksie of gedrag

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die regte antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Misdaad word nie verbind aan 'n maatskaplike fenomeen in die gemeenskap soos ongelykheid, armoede, siekte en indiensneming nie.

4.2 Kriminoloë kan ook dien as waarnemers om korrupsie te voorkom en daardeur by te dra tot verantwoordelike staatsbestuur.

4.3 Die kriminologiese en viktimologiese vereniging van Suider-Afrika (CRIMSA) stel nie 'n gedragskode vir kriminoloë en viktimoloë saam nie.

4.4 Die inligting wat 'n kriminoloog versamel, word dikwels in 'n verslag aangedui.

4.5 Viktimologie is 'n studieveld in kriminologie wat die wetenskaplike bestudering van misdaadslagoffers behels.

4.6 Kriminele viktimisering het 'n veel groter impak op die slagoffer se gedrag.

4.7 Individue wat in hoë-inkomsteareas woon, is meer geneig om slagoffers te word van gewelddadige skakings en residensiële rooftogte.

4.9 Die term *herhaalde viktimisering* kan nie gebruik word indien 'n objek of plek nie meer as een keer binne 'n beperkte tydsperiode geviktimiseer is nie.

4.8 Die sukses van misdaadvoorkoming en -vermindering is afhanklik van die akkuraatheid van 'n land se misdaadstatistiek.

4.10 Misdaadvoorkoming is enige inisiatief of beleid wat poog om misdaad en viktimisering te verminder of te elimineer.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Evalueer die verband tussen leefstyl en blootstelling aan situasies waar die risiko van viktimisasie wissel. (5)

5.2 Noem VIER kwesbare groepe, en inkorporeer faktore wat bydra tot hul kwesbaarheid. (4)

5.3 Verduidelik die invloed van persepsies rakende manlike verkragting op die rapportering van misdaad. (5)

5.4 Verduidelik toepaslike krimino-etiese metodes wat tydens die onderhoud-proses gebruik word. (5)

5.5 Definieer die term *misdaadslagoffer*. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

DRIE-PROVINSIE-MISDAADVOORKOMINGSOPERASIE LEWER SUKSES OP

31 Maart 2018 – 10:15 deur Ernest Mabuza

Polisie in die Noord-Kaap, Oos-Kaap en Wes-Kaap het vandeesweek kragte saamgespan in 'n vierdagmisdaadvoorkomingsoperasie waartydens 28 verdagtes op die polisie se lys van gesoekte verdagtes aangekeer is.

Die operasie, wat die Trilaterale Oorgrensoperasie genoem is, het Maandag begin en tot Donderdag geduur. Die operasie het ten doel gehad om misdaadaktiwiteite in die drie aangrensende provinsies te bekamp. Die polisie het padblokkades gehou op nasionale en sekondêre paaie wat die drie provinsies verbind.

Die hooffokus was om die vervoer van onwettige goedere, onder meer dwelms, te ondersoek, om gesteelde voertuie op te spoor en om tweedehandsegoederewinkels asook drankwinkels te besoek. Behalwe die 28 verdagtes wat aangekeer is, het die polisie ook verkeersboetes uitgereik ter waarde van meer as R100 000 aan motoriste wat die Nasionale Padverkeerswet oortree het.

Hulle het ook beslag gelê op dwelms wat kristalmetamfetamien, dagga en Mandrax-tablette insluit. Onwettige sigarette ter waarde van R200 000 is ook gekonfiskeer asook vervalste goedere ter waarde van R80 000. Een verdagte is gearresteer vir die omkoop van 'n polisieman met R10 000.

Daar is beslag gelê op twee voertuie by die onderskeie padblokkades. Een voertuig is gekloon en daar is met die ander se enjin- en onderstelnommer gepeuter. Die verdagtes is gearresteer. Hulle sal vroeg volgende week in die onderskeie landdroskantore in die drie provinsies verskyn.

[Bron: Timeslive]

Kopiereg voorbehou

6.1 Wat is *misdaadvoorkoming*? (2)

6.2 Watter DRIE provinsies was betrokke by die vierdagoperasie? (3)

6.3 Identifiseer VIER areas waarop hierdie operasie hoofsaaklik fokus. (4)

6.4 Wat is die verskil tussen *misdaadvoorkoming* en *misdaadbeheer*? (2)

6.5 Volgens die gevallestudie het die drie provinsies verskille misdade beleef wat aan die toeneem was.

Analiseer geografiese beperkinge op die optekening van misdaad. (6)

6.6 Wat is die naam van hierdie misdaadvoorkomingsoperasie? Sluit die begin- en einddag in. (2)

6.7 Analiseer hoe slagoffergeoriënteerde dienste herhaalde viktimisasie kan verminder en voorkom. (8)

6.8 Noem DRIE roetineaktiwiteite wat slagofferkwesbaarheid verhoog. (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord EEN van die volgende vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

Evalueer die effektiwiteit van spesifieke misdaadvermindering- en voorkoming-strategieë en -programme wat met spesifieke tipes misdaad te make het. **[20]**

OF

VRAAG 8

8.1 Evalueer die verwantskap tussen *maatskaplike werk* en *kriminologie*. (10)

8.2 Beskryf misdaadtoneelanalise as 'n tegniek om getuienis en inligting in te samel. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou